BEUKES TOERE

Program: Ooskaap 2

4 – 10 November 2025

Dag 1: Vlieg vanaf **Johannesburg** na **Port Elizabeth** en reis verder per luukse toerbus na **Port Alfred** waar ons vanaand tuisgaan.

Dag 2: Na ontbyt, geniet ons 'n ontspanne **bootvaart** op die **Kowierivier**. Daarna maak ons 'n draai by **Bathurst**. Hier, besoek 'n **pynappelplaas**, die **toposkoop** en die oudste kroeg in S.A. nog ingebruik. Vertrek dan na **Morganbaai** aan die **Wildekus** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan by 'n lieflike hotel teenaan die see.

Dag 3: 'n Rustige dag lê voor met besoeke aan **Morganbaai Kranse, Double Mouth** en **Keimond**. Vanmiddag ontspan ons heerlik in die pragtige omgewing.

Dag 4: Vanoggend besoek ons die baie interessante **Oos-London Museum** en reis dan verder na **Hogsback** in die **Amatolaberge**. Ons gaan TWEE NAGTE tuis in hierdie asemrowende sprokieswěreld.

Dag 5: Vandag het ons genoeg tyd om die omgewing te verken. Ons besoek onder andere die pragtige **ou kerkie** en stap die **labirint**. Ons stap ook 'n draai deur die **Arboretum** met sy pragtige bome, azaleas en watervalle.

Dag 6: Na ontbyt vertrek ons na **Bergkwagga Park**. Hier geniet ons 'n **wildsrit** in die ongelooflike mooi, bergagtige park.

Dag 7: Voor ons na **Port Elizabeth** vertrek vir ons terugvlug, geniet ons nog 'n **wildsrit**.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer vasgemaak

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunte, alle toegangsgelde, ervare gids, akkommodasie, luukse vervoer vir 16 mense, kelnerfooitjies. Wildsritte met toerbus.

Uitgesluit:
Middagetes en drankies. Vliegkaartjies.

Prys: R15 200 pp wat deel. R2 150 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za